God se Liefdesbrief aan jou

AF

My kind,

Al ken jy My nie, weet ek alles van jou af. In My leef jy, beweeg jy, en bestaan jy. Ek het jou reeds uitgekies voor die begin van die wêreld. Jy is nie 'n fout nie. Jy is wonderlik mooi geskape. Dit is My begeerte om jou met My liefde te oorweldig. Net omdat jy My kind is en Ek jou Vader. Ek wil jou meer goeie dinge gee as wat jou aardse vader ooit aan jou kan gee, want Ek is die volmaakte Vader. My gedagtes oor jou is ontelbaar. As jy My met jou hele hart soek sal jy My vind. Verbly jou in My en Ek sal jou gee die begeertes van jou hart. Want dit is Ek wat jou die begeertes gegee het. Ek is jou grootste motiveerder. Ek is jou Vader wat jou vertroos, as jy hartseer is. Ek is jou Vader, en Ek het jou net so lief soos My eie Seun, Jesus . Want in Jesus het Ek My liefde vir jou geopenbaar. Jesus is die volmaakte weergawe van wie Ek is. Hy het gekom om te wys dat Ek vir jou is en nie teen jou is nie. Om jou te vertel dat Ek nie boekhou van jou sonde nie. Jesus het gesterf sodat Ek en jy weer vrede kan maak. Jesus se dood was die volmaakte uitdrukking van My liefde vir jou. Ek het alles opgegee wat vir My kosbaar was sodat Ek jou liefde kan wen. As jy Jesus ontvang, ontvang jy My ook. Niks sal jou ooit skei van My liefde vir jou nie. Ek is nou en vir ewig jou Vader.

Wil jy My kind wees?

Jou Vader, Almagtige God.

Verkorte weergawe van Vader se Liefdesbrief. Origineel @ FathersLoveLetter.com

Elke godsdiens leer op een of ander manier dat alle mense sondig is en nodig het om vergifnis te ontvang. Godsdiens herinner ons aan ons sondes. Jesus het mense na God gewys, ons Pa. Hy is baie vergewingsgesind en het mense altyd met ope arms benader. Hy het gekom met ’n boodskap nie net van vergifnis nie, maar ook van versoening en het alles gedoen wat nodig was om ons gebroke verhouding met die Vader te herstel. Alhoewel ons die dood vir ons sondes verdien, het Hy, sondeloos en liefdevol gesterf, in ons plek. En na drie dae het Hy weer uit die dood opgestaan! Hy het nie net so die prys betaal om ons te verlos van die mag van sonde nie, maar Hy het ook die dood oorwin, sodat ons die ewigheid in die teenwoordigheid van die Vader kan deurbring! In die Bybel lees ons in die Evangelie van Johannes (hoofstuk 14 vers 6) dat Jesus die weg, die waarheid en die lewe is, en dat die mens slegs deur Hom na die Vader kan kom. Ten spyte van die soms afskuwelike kerkgeskiedenis is hierdie “Goeie Nuus” deur die eeue bewys as die universele Waarheid wat werk.

Wil jy die Vader van die skepping leer ken? Hy staan reeds met wyd oop arms klaar. Is jy gereed om God se genadegawe, Jesus Christus, te ontvang? Jy kan dit nou doen, uit jou hart.

Om Jesus Christus uit te nooi om deur Sy Gees in jou te kom woon, is die belangrikste stap wat jy in jou lewe kan neem. Maar bou voort op hierdie nuwe begin. Hoe doen jy dit?

- Jy kan byvoorbeeld elke dag tyd met God spandeer. Dit is goed om die gewoonte te ontwikkel om met Hom te praat (bid) en die Bybel te lees.
- Stel jy belang in ’n Bybelstudiekursus vir beginners? (Aanlyn, in jou area of by jou huis)
- Het jy ’n behoefte en wil jy hê ons moet vir jou bid?
- Het jy enige vrae? Wil jy ’n Bybel hê of ’n gesprek?
- Kontak ons sonder verpligting.

Info@BelgiumArise.be

www.BelgiumArise.be

V.U . / E.D. : Rudi Van Steen, Leopoldplein 26, BE-2500 Lier.